# BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

## STUDIEBEURS GELEENTHEDE 2018

**Bergrivier Munisipaliteit is verbind tot vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede vir die breër gemeenskap van die Bergrivier munisipale gebied. Die munisipaliteit bied die geleentheid aan Suid-Afrikaanse burgers, wat permanent woonagtig is in die Bergrivier munisipale gebied, tot tersiêre opleiding.**

**KRITERIA VIR SELEKTERING IS SOOS VOLG:**

- Keuring van 'n suksesvolle kandidaat sal op grond van akademiese meriete en inkomste van beide ouers geskied, met spesifieke fokus op behoeftige families;
- Applikant moet by 'n geakkrediteerde tersiêre instansie in Suid-Afrika studeer;
- Dit is die verantwoordelikheid van die applikant om toelating van die tersiêre instansie te verkry en bewys te kan lewer;
- Suksesvolle beurse sal direk aan die tersiêre instansie betaal word.

**DIE BEURS KAN AANGEWEND WORD VIR:**

- Klasgelde; en/of
- Registrasiefooie; en/of
- Akkommodasie.

**DIE VOLGENDE DOKUMENTASIE MOET U AANSOEK VERGESEL:**

- Voorgeskrewe beursaansoekvorm, beskikbaar op die munisipale webtuiste (www.bergmun.org.za) of by die Menslike Hulpbrondienste Departement te Piketberg of by die munisipale ontvangskantoor van elke dorp;
- Motiveringsbrief van 150 woorde om u aansoek te ondersteun;
- Volledige curriculum vitae van applikant;
- Gesertifiseerde afskrifte van beide ouers se inkomste;
- Gesertifiseerde afskrif van Graad 12 of mees onlangse tersiêre uitslae;
- Gesertifiseerde afskrif van Suid-Afrikaanse identiteitsdokument;
- Bewys van registrasie by tersiêre instansie;
- Bewys van permanente woonadres binne Bergrivier munisipale gebied.

**Volledige aansoeke moet per hand ingehandig word by die verskeie munisipale kantore (Piketberg, Porterville, Velddrif, Eendekuil, Aurora, Redelinghuys, Goedverwacht), vir aandag Me A Louw (Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste), om haar te bereik nie later nie as die sluitingsdatum. Navrae kan gerig word aan Me AG Louw by tel. nr. 022 913 6000.**

**GEEN FAKSE OF ELEKTRONIESE AANSOEKE SAL AANVAAR WORD NIE.**

**SLUITINGSDATUM VIR ALLE AANSOEKE: VRYDAG 23 FEBRUARIE 2018 OM 15:30**